

Posbus 93, Kraaifontein  
Van Der Bijlstraat  
KRAAIFONTEIN 7570  
Tel: (021) 988 7430/9  
Faks: (021) 988 1441  
E-pos: head@edonges.org.za

HOËRSKOOL  
EBEN DÖNGES



PO Box 93, Kraaifontein  
Van Der Bijl Street  
KRAAIFONTEIN 7570  
Tel: (021) 988 7430/9  
Fax: (021) 988 1441  
Email: head@edonges.org.za

Geagte Graad 11 Ouers / Voogde

Ons vertrou dat die graad 11 jaar produktief sal wees en as 'n bousteen sal dien om u kind voor te berei vir graad 12. Daarom is daar belangrike aspekte wat bespreek moet word.

#### **ASPEKTE RAKENDE DIE GEDRAGSKODE:**

As gevolg van COVID-19 was alle dissiplinêre stelsels van die skool in 2021 opgeskort. Met die verslapping van die COVID waarskuwingsvlakke sal die dissiplinêre stelsels van die skool weer ingestel word aan die begin van 2022. Dit sluit die detensie stelsel (van 14:15 – 15:15) asook die puntestelsel in. Maak seker dat jy jouself vergewis van die gedragskode van die skool ('n kopie is op die skool se webtuiste beskikbaar).

**Let asseblief daarop dat sou 'n leerder versuim om op te daag vir detensie, sy/haar klasse vir 2 dae opgeskort sal word.**

Alle graad 11 leerders moet 07:50 by ingang B wees vir inspeksie, register en algemene afkondigings. Daar sal **zero toleransie wees vir laatkom**. As leerders laat kom sal hul op detensie geplaas word. Gedurende inspeksie word daar na die volgende gekyk:

#### **DOGTERS (somer):**

- 6 paneel skool romp – 8cm bo die knie wanneer kniel
- wit kortmou oopnek-hemp / met knoop – das is verpligtend
- wit kort sokkies
- \*\* geen juweliersware / geen gesigs 'piercings'
- \*\* geen grimering
- \*\* geen lang naels of naelpolitoer

#### **DOGTERS (winter)**

- 6 paneel skool romp – 8cm bo die knie wanneer kniel
- Swart "tights" / grys sokkies / blou sokkies
- grys meisie skoolbroek (geen veranderinge aangebring)
- wit langmou-hemp met skooldas
- blazer – verpligtend
- pull over / skooltrui / matriektop – opsioneel
- skool reënjas op reën dae – opsioneel
- skoolserp – opsioneel
- offisiële skoolmussie buite die skoolgebou – opsioneel
- \*\* geen juweliersware / geen gesigs 'piercings'
- \*\* geen grimering
- \*\* geen lang naels of naelpolitoer

#### **SEUNS (somer):**

- grys skoolbroek met geen veranderinge
- belt
- grys skool kortbroek
- wit kortmou oopnek-hemp / met knoop – das is verpligtend

- \*\* geskeer / geen baard
- \*\* geen juweliersware / geen gesigs 'piercings'
- \*\* geen geskeerde wenkbroue
- \*\* hare eweredig gesny oor die hele kop met geen 'fading' of patrone in nie

#### **SEUNS (winter):**

- grys skoolbroek met geen veranderinge
- belt
- wit langmou-hemp met skouldas
- blazer – verpligtend
- pull over / skooltrui / matriektop – opsioneel
- skool reënjas op reën dae – opsioneel
- skoolserp – opsioneel
- offisiële skoolmussie buite die skoolgebou – opsioneel
- \*\* geskeer / geen baard
- \*\* geen juweliersware / geen gesigs 'piercings'
- \*\* geen geskeerde wenkbroue
- \*\* hare eweredig gesny oor die hele kop met geen 'fading' of patrone in nie

Boeke moet of in 'n offisiële skooltas of in 'n blou/swart tas met vakkies in gedrae word. **Geen Karrimor of 'name brand' sak/rugsak word toegelaat nie.** Hierdie kleiner sakke beskadig die boeke omdat dit nie genoeg spasie het nie.

#### **ASPEKTE RAKENDE DIE AKADEMIE:**

**Maak seker dat leerders elke dag by die skool is.** Kroniese afwesigheid is problematies omdat leerders agter raak en nie assesseringstake voltooi nie. As u kind afwesig is moet sy/hy 'n dokterssertifikaat of 'n brief van die ouer wat 'n geldige rede vir die afwesigheid stel, inhandig. Let daarop dat kroniese afwesigheid tot deregistrasie kan lei.

As gevolg van hoë werkslading en vinnige werktempo mag u kind verhoogde stres ervaar wat tot oorbelaaiding kan lei. **Maak seker dat u kwaliteit tyd saam met u kind spandeer sodat u kan tred hou met sy/haar werketiek en emosionele welstand.**

Leerders sal agter raak as hulle boeke nie by die skool is nie of as hulle nie huiswerk doen nie. Kyk gereeld of hulle huiswerk doen. Maak seker hulle word tyd gegee om te hersien en goed vir assesserings en eksamens voor te berei. Verduidelik aan hulle die belangrikheid daarvan om gereeld en ywerig te werk, en om elke dag in die klas te wees aangesien dit hulle sal help om by te bly en die lading te kan hanteer.

**Leerders sal 'n koevert, wat hulle rapport asook belangrike inligting van die skool, aan die einde van elke kwartaal ontvang.** Maak seker dat u hierdie koevert ontvang sodat jy jouself met die inhoud daarvan kan vergewis om sodoende tred te hou van u kind se akademiese vordering. Gaan die rapport met u kind deur.

#### **ASPEKTE RAKENDE ADMINISTRASIE:**

**Alle graad 11 leerders moet in besit wees van 'n ID dokument.** As hulle nog nie vir een aansoek gedoen het nie, moet hulle dit onmiddelik doen. Buitelandse student moet in besit wees van 'n geldige permit wat nog nie verval of sal verval gedurende hul graad 12 jaar nie. Leerders moet hul IDs/permittes skooltoe bring sodat daar kopieë gemaak kan word. **Die skool het hierdie dokumente nodig om leerders in te skryf vir die matriekeksamen. Alle dokumentasie moet teen einde Oktober 2022 reeds afgehandel wees.**

**ASPEKTE RAKENDE FINANSIES:**

**Matriektop:** Op die oomblik kan geen presiese prys gegee word nie, dit wissel gewoonlik van tussen R450 – R500. Sodra meer inligting beskikbaar is, sal 'n prys aan die ouers gekommunikeer word **wat dan teen die einde van Augustus 2022 betaal moet wees**. Geen laat bestellings kan aanvaar word nie, en geen leerder is verplig om een te koop nie.

Ons doen 'n beroep op alle ouers/voogde **om asseblief die betaling van skoolfonds te eerbiedig sodat u kind die matriekafskeid volgende jaar kan bywoon.**

**ALGEMEEN:**

**Maak seker dat u kontakbesonderhede gereeld opgedateer word** indien dit sou verander om te verseker dat u alle kennisgewings van die skool ontvang. Dit is ook die enigste manier wat ons u kan kontak sou iets met u kind gebeur.

ONS WENS U DIE BESTE VIR 2022 TOE! MAG DIT FANTASTIES SUKSESVOL WEES!

Graadhoof (Me. King)

Prinsipaal (Mr. Meyer)

Datum: 31-01-2022